

Huiskoop

Kliekrubriek - Drik Greeff

Elke mens het 'n behoefte aan veiligheid en sekuriteit en daar is geen ander aardse besitting wat hierdie behoefte van ons meer bevredig as 'n eie huis nie. Almal van ons het 'n blyplek nodig. Een waar ons saans na werk ons skoene kan uitskop, ons koffie kan drink, saam as gesin kan lewe en rustig kan slaap.

Omdat hierdie die grootste belegging is wat gewone mense ooit maak, is dit nodig dat ons na 'n paar wenke kyk by die koop van 'n huis.

Begin om so vroeg moontlik in jou lewe om eiendom aan te skaf. Dis skuld waaraan jy 20 jaar gaan afbetaal en die ideaal is dat jou huis afbetaal sal wees teen jou 50ste verjaarsdag. Kry jou voet in die deur al knyp dit aan die begin om kop bo water hou. Inflasie sal jou later help om finansiëel makliker asem te haal. 'n Mens kan altyd later groter eiendom koop of aanbou indien jy wil.

Voor jy na blyplek begin soek, besluit eers saam met jou lewensmaat wat jul behoeftes is, die minimum wat jul móét hê, byvoorbeeld twee of drie slaapkamers, woonkamer, sitkamer, eetkamer, studeerkamer, enkel- of dubbel garage, ens.

Die volgende drie vereistes is uiters belangrik: ligging, ligging en ligging. Met ander woorde, in watter area julle graag wil bly. 'n Goeie buurman verdubbel jou huis se waarde. In 'n goeie area gaan jy dalk 'n kleiner huis kan bekostig, maar jy gaan baie lekkerder bly en jou huis se herverkoopwaarde is baie beter.

Kyk ook na afstande. Hoe nader 'n mens aan jou werk en die kinders aan die skole is, hoe geriefliker en goedkoper is die lewe.

Voor jy nog begin om na eiendom te gaan kyk, bereken in watter prysklas jy kan koop. Bykans alle finansiële instellings wat verbandlenings toestaan, het aanlyn "calculators" wat vir jou daardie berekeninge kan doen. Jy kan dit sommer in 'n japtrap uitwerk. Al inligting wat jy moet weet, is jul totale maandelikse inkomste voor aftrekkings en jul totale maandelikse uitgawe. Dit gee dan vir jou 'n aanduiding van die grootte lening wat jul kan bekostig, asook wat die maandelikse paaient sal wees.

Dan begin die groot avontuur: die soek na die regte huis, jou droomhuis. Die meeste eiendomsagente het deesdae ook hul eie webtuistes en dis tog te lekker om sommers op die webtuistes rond te swerf en na foto's van beskikbare huise te kyk. Dit kan heelwat tyd spaar as jy oog al 'n paar eiendomme geïdentifiseer het nog voordat jy by die agente gaan aanklop.

Dis goed om jou naam en al bogenoemde inligting by al die eiendomsagente wat in die omgewing sake sake doen in te gee. Gaan kyk na soveel moontlik eiendomme. Neem foto's, maak aantekeninge en vergelyk na die tyd die beskikbare eiendomme met mekaar. Soms is dit beter om 'n effens duurder huis te koop wat geen onmiddellike onderhoud nodig het nie as een waar al die matte en kombuiskaste eers vervang moet word voordat jy daarin kan bly.

'n Huis wat noord front is altyd 'n bate, ongeag waar jy in ons land bly. In die somer is so 'n huis koeler as ander, want in die somer skyn die son nie by jou noordelike vensters in nie. In die winter skyn die son heerlik by hierdie vertrekke in en jou huis is lekker warm.

Wees geduldig, want die regte huis sal op die regte tyd op jou pad kom. Moenie eiendom koop waarmee jy nie regtig gelukkig is nie, want dit gaan jou die res van jou lewe irriteer.

Wanneer julle droomhuis raakloop, maak 'n skriftelike aanbod. 'n Skriftelike aanbod word 'n koopkontrak wanneer die verkoper die aanbod aanvaar en onderteken. Maak altyd seker dat daar in hierdie dokument gespesifiseer word dat die koop onderhewig is aan die goedkeuring van 'n lening. Dis vir jou eie beswil dat finansiële instellings soms leningsaansoeke afkeur.

Doen by meer as een finansiële instelling aansoek vir 'n verbandlening. Almal se rentekoerse is nie dieselfde nie en wanneer hul kwotasies verskaf, kan jy self besluit van wie se lening jy wil gebruik. Sommige instellings verskaf 100% lenings – iets wat baie voordelig is vir eerste huiskopers. Om die nare uitwerking van wisselende rentekoerse teen te werk, het sommige instellings vaste rentekoerse. Dis nogal iets om te oorweeg, veral as jou begroting knap is en jy presies moet weet wat jou maandelikse uitgawes in die nabye toekoms gaan wees.

Die gewildste afbetaaltyd is 20 jaar, maar jy kan derduisende rande spaar deur meer te betaal as wat jou maandelikse paaient vereis. En jy sal jou verband baie gouer afbetaal. Betaal elke ekstra sent wat na jou toe kom in jou verbandrekening en uiteindelik sal jy heerlik kan sit en ontspan op die stoep van jou afbetaalde huis.